# HOOFSTUK 2

## NELLMAPIUS SE AKTIWITEITE OP DIE GOUDVELDE VAN OOS-TRANSVAAL

### 2.1 DIE ONTDEKKING VAN GOUD IN OOS-TRANSVAAL

Die swartes het reeds van oudsher metaal, waaronder goud, in sekere distrikte in Transvaal bewerk. Die Portugese was die eerste blankes wat goud in Transvaal gevind het. In die vyftigerjare van die vorige eeu het P. J. Marais en later in die sestigerjare Karl Mauch in Transvaal vir goud geprospekteer. Die Transvaalse regering was in daardie stadium bang dat Engeland die land sou annekseer indien daar ryk minerale-ontdekkings sou wees, maar die siening het verander, want op 21 Desember 1870 het die Volksraad besluit dat 'n redelike vergoeding vir die ontdekking van kosbare edelgesteentes en minerale, soos goud en silwer, gegee sou word. Gedurende 1871-72 is verskeie klein hoeveelhede goud by Eersteling en Marabastad gevind. Daar is egter nie genoeg goud gevind om 'n permanente delwery aan die gang te sit nie.[1]

Op 5 Februarie 1873 het A. F. Jansen, die landdros van Lydenburg, aan die staatspresident en Uitvoerende Raad geskryf dat alluviale goud ten ooste van die dorp Lydenburg gevind is.[2] Op dieselfde dag het hy ook 'n brief aan die staatspresident gerig waar hy kennis gee dat hy 'n groot toeloop van mense na daardie gebied verwag en dat hy daarom vir C. von Brandis, 'n landdrosklerk van Lydenburg, aangestel het as kommissaris vir die goudvelde. In daardie stadium moes A. F. Jansen van verskeie oorde berigte van goudontdekkings ontvang het of die inligting van die ontdekking moes by hom geen twyfel gelaat het oor die waarde daarvan nie, anders sou hy hom nie klaar gemaak het vir 'n stormloop nie. Op 17 Maart 1873 lewer hy aan die staatspresident verslag dat geen persoon met leë hande van die goudvelde af terugkeer nie. Hy vermeld

---

1 D.J. Pieterse, "Die Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal, 1836-1886", C. Beyers et al. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, jg. 6, 1943, pp. 77-137.

2 Nasionale Argief Bewaarplek (NAB), Pretoria, Staatsekretaris (SS), vol. 156, R193/1873: brief, Jansen/Staatsekretaris, 5 Feb. 1873.

ook in dieselfde brief dat hy goudklonte in besit van die delwers gesien het. Hy sê verder dat T. McLachlan, G. Parsons en I. Valentine die ontdekkers van betaalbare goud was.[3] Laasgenoemde stelling is in 1875 deur T. McLachlan self bevestig toe hy om vergoeding aansoek gedoen het omdat hy volgens die Volksraadsbesluit van 21 Desember 1870, die ontdekker van goud was.[4] In Mei 1873 het president T. F. Burgers die gebied Ohrigstad - Lydenburg oopgestel as goudvelde onder die beheer van die ZAR.[5]

Die jaar 1873 was dus die jaar waartydens die goudvelde van Oos-Transvaal oopgestel is. Hierdie ontdekkings was egter sporadies en die resultate het nie altyd aan die verwagtinge voldoen nie. Soos president T.F. Burgers twee maande na die proklamering van die goudvelde gesê het ..."The Goldfields are not turning out so good as expected for which I am glad as otherwise. Sir Henry Barkley (sic) will jump them like he did with the diamond fields."[6]

Die goud wat in die Ohrigstad-Lydenburggebied ontgin is, was alluviale goud met enkele goudklonte tussenin. Dit word in rivierbeddings aangetref waar die goud gepan is. Die implemente wat gebruik is, was goedkoop en gering in getal. Geen voorafkennis was nodig nie en geluk het 'n rol by hierdie ontdekkings gespeel. Omdat alluviale goud in strome voorkom, sou die delwers ook 'n nomadiese bestaan voer. Die delwing is met sluiskaste gedoen. Die sluiskaste het bestaan uit drie planke van so ses meter wat aanmekaar geslaan is, een het as boom gedien met twee aan die kante. Op die bodemplank is sporte hout vasgeslaan, soms is 'n beesvel bo-op vasgeslaan en los klippe daaroor geplaas. 'n Voor is vanaf die kleim in die rivier gegrawe en die water spoel dan deur die sluiskas wat in die voor geplaas is. Indien daar goud is, sal dit tussen die klippe afsak na die boom van die kas.[7] "Alluvial sluicing was a perfect lottery"[8], volgens een koeranthuldeblyk aan Nellmapius met sy afsterwe.

---

3 NAB, Pretoria, SS, vol. 156, R475/1873 : brief, Jansen/Staatsekretaris, 17 Mrt. 1873.
4 NAB, Pretoria, SS, vol. 187, R993/1875 : brief, McLachlan/Staatspresident ZAR, 27 Apr. 1875.
5 *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, nr. 474, 20 Mei 1873.
6 NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 4, nr. 5, brief, Burgers/sy vrou, 9 Jul. 1873, p. 13.
7 T. Baines, *The gold regions of South East Africa*, p.162.
8 *The Press*, 5 Aug. 1893.

## 2.2 NELLMAPIUS AS DELWER

Daar word beweer dat Nellmapius die eerste persoon op die goudvelde was wat grond in groot hoeveelhede en op 'n sistematiese manier deur die trog of sluiskas kon werk. Voor hierdie ontwerp was die delwers dikwels net seisoendelwers omdat hulle gedurende die droë maande elders 'n bestaan moes probeer maak het. Sodra dit begin reën het, het hulle weer teruggekeer na die delwerye toe. As opgeleide ingenieur kan dit moontlik wees dat Nellmapius wel so 'n stelsel kon ontwerp het. Dit word egter nie aangetoon op welke wyse dit gedoen is nie.[9]

Die eintlike stormloop na die goudvelde het eers na die ontdekking van goud in September 1873 by Pelgrimsrus gekom. Pelgrimsrus het die hoofsetel van die goudvelde geword omdat die meeste goud daar gevind is en die grootste toeloop daarheen plaasgevind het.[10]

Nellmapius het hom in 1873 op Pelgrimsrus gevestig as delwer en as terminusbestuurder van Forssman se vervoerskema vanaf Du Toitspan na Pelgrimsrus.[11] As terminusbestuurder sou hy sake vir die skema moes organiseer. Hy sou oornagfasiliteite vir mens en dier moes skep en 'n smidswinkel om die voertuie op die pad te hou. Met die swak paaie sou 'n smidswinkel noodsaaklik wees.

Hy was een van die min persone wat werklik 'n suksesvolle delwer op die goudvelde was. Hy was egter dwarsdeur sy lewe met verskeie sake gelyktydig besig. Dit was eintlik 'n kenmerk van sy persoonlikheid en hier op die delwerye in die Oos-Transvaal het hy baie gou ander mense aangestel om die arbeid in sy ondernemings te verrig, terwyl hy hom met sy entrepreneurskap besig gehou het. Hy het baie geld op die goudvelde verdien, maar hy het alles tydens die Sekhukhune-oorlog, waartydens sy vervoermaatskappy tot niet gegaan het, verloor en dié delwerye in 1878 as 'n finansiële bankrot man verlaat.

---

9 *The Press*, 5 Aug. 1893.
10 NAB, Pretoria, SS, vol. 161, R1530/1873 : brief, W. McDonald/Goudkommissaris, 22 Sept. 1873.
11 NAB, Pretoria, Forssman-versameling, vol. A375, korrespondensie het verpoeier.

Die delwers het gewoonlik 'n bynaam gekry wat hulle land of plek van herkoms aangedui het - byvoorbeeld Californian Wilson, Yankee Dan, Spanish Joe, Rocky Mountain Wilson, en so meer. Nellmapius het die naam van "Count" gekry.[12] Dit kan moontlik wees dat sy naam moeilik was om uit te spreek, sy optrede kon waardig gewees het óf hy kon dalk aan die mense gesê het dat hy van adellike afkoms was. Hy het hierdie naam of titel dwarsdeur sy lewe behou.

Die delwers het meestal in tentjies gewoon. Dranksalonne en sake-ondernemings is in groot tente bedryf. Nellmapius het vir hom 'n tentkompleks opgerig waar sommige tente as slaapkamers gedien het en ander as 'n kantoor of ontvangslokaal. Dit het 'n opskudding op die delwerye veroorsaak toe hy ook vir hom 'n huis van klei gebou het.[13] Dit was die eerste kleihuis op die delwerye. Hy was 'n gasvrye mens en almal was welkom by hom. Hy was in daardie stadium nog 'n alleenloper en hy het van Indiërs gebruik gemaak om sy huishouding te behartig.[14]

In 'n stadium het Nellmapius 25 blankes en 200 nie-blankes op die delwerye in diens gehad. Nog 'n bewys dat Nellmapius eers op Kimberley was voordat hy na die goudvelde van die Oos-Transvaal gegaan het, is die bewering dat hy die eerste persoon op die goudvelde was wat van swart arbeid gebruik gemaak het. Volgens Peacock het die delwers eers van swart arbeid gebruik gemaak nadat die delwers van Kimberley op die goudvelde opgedaag het.[15] Sommige van hierdie werknemers moes sy groot groentetuin wat hy aangelê het, omdat vars groente op die delwerye feitlik onbekombaar was, bewerk. Die groente het vir 'n goeie inkomste gesorg. Die meeste van sy werknemers het hy op die delwerye gebruik. Hy het van die rykste kleims in die strome bekom. Hy het sy werknemers op die delwerye in dag- en nagskofte laat werk.[16]

---

12 G. Herring, *The pilgrim diggers of the 70's*, p.12; T. V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, p.141.
13 *The Press*, 31 Jul.1893.
14 *Gold Fields Mercury*, 28 Jul.1876.
15 R. Peacock, *Geskiedenis van die Lydenburgse goudvelde tot 1881* (ongep. M.A.-verhandeling, UP, 1950), p.20.
16 *The Press*, 31 Jul. 1893.

Die goud wat in die spruite voorgekom het, staan bekend as leierriwwe. Diè riwwe loop vertikaal en bevat soms soliede stukkies goud.[17] Daar is verskeie groterige goudklonte op die delwerye ontdek. Van die grootstes was die een wat Russell en Lilly ontdek het wat 240 onse geweeg het en wat hulle die *Reward* genoem het.[18] Russell, Lilly, Wormaid en Boycott het ook een van 119 onse gevind wat hulle die *Perseverance* genoem het.[19] Op een van Nellmapius se kleims is 'n goudklont van 123 onse gevind, wat hy die *Voortrekker* genoem het.[20] Verskeie ander goudklonte is ook gevind wat Engelse benamings gekry het. Dit is opvallend dat Nellmapius die goudklont wat hy gevind het, 'n Afrikaanse benaming gegee het, *Voortrekker* soos hy dit gestel het, tot eer van die land en sy mense. 'n Kenmerk van hom was dat hy altyd positief gesind was teenoor die Transvaal en sy leiers.

## 2.3 NELLMAPIUS, VISE-KONSUL VIR PORTUGAL OP DIE GOUDVELDE

Nellmapius se verbintenis met O. W. A. Forssman het hom tydens sy verblyf in die Oos-Transvaal ook 'n pos as amptelike verteenwoordiger van die Portugese regering besorg. O. W. A. Forssman is in April 1870 as tydelike konsul vir Portugal in die ZAR aangestel.[21] Forssman was 'n Sweed van geboorte wat vanaf die diamantvelde in Kimberley na Potchefstroom verhuis het. Na 'n besoek aan die goudvelde, heelwaarskynlik om te sien hoe Nellmapius as terminusbestuurder van sy vervoermaatskappy vaar, het Forssman besluit om vir Nellmapius in Oktober 1874 as vise-konsul vir Portugal op die goudvelde aan te stel. Daar het 'n nouer samewerking tussen die Portugese en die ZAR ontwikkel en as gevolg van die toestroming na die goudvelde het dit 'n groter verkeer tussen Delagoabaai en Pelgrimsrus teweeggebring. As gevolg van die nouer samewerking en groter verkeer, was dit dikwels nodig om vinnige besluite te neem. Forssman kon ook nie Portugees verstaan nie en Nellmapius wel. Hierdie twee redes het wel 'n pos van vise-konsul vir Portugal op die goudvelde

---

17 R. Peacock, *Geskiedenis van die Lydenburgse goudvelde tot 1881* (ongep. M.A.-verhandeling, UP, 1950) p.19.
18 *Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 2 Aug. 1875.
19 *Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 8 Mrt. 1875.
20 *Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 24 Mei 1875.
21 D.W. Krüger, *"Die weg na die see"*, C.G. Botha et al. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, jg. 1, 1938, p.189.

geregverdig. Forssman was ook een van die grootste grondbaronne in Transvaal met verskeie plase in die Lydenburgse distrik en hy het dan ook vir Nellmapius belowe dat hy goed beloon sou word indien hy goud op sy plase sou ontdek.[22] Om vir Nellmapius in so 'n pos aan te stel, kon vir Forssman om eie gewin gaan. Aan die ander kant sou die amp van vise-konsul vir Nellmapius nie onaanvaarbaar wees nie. As goed opgeleide persoon van sy tyd sou hy weet dat om 'n amptelike verteenwoordiger van 'n regering te wees, sekere voordele sou meebring, soveel te meer wat betref 'n verteenwoordiger van Portugal. Die ZAR het op daardie stadium na buitelandse vriende gesoek en Portugal met sy belange in Delagoabaai sou noodwendig 'n prioriteit wees, veral omdat die ZAR 'n onafhanklike verbinding met die buiteland gesoek het.

Hierdie aanstelling deur Forssman moes noodwendig deur die twee regerings, maar veral Portugal, goedgekeur word. Die Portugese regering het die aanstelling van Nellmapius in 1874 goedgekeur.[23] Forssman het die regering van die ZAR in Oktober 1874 versoek om offisiële erkenning aan Nellmapius se aanstelling te verleen. As motivering het hy aangevoer dat so 'n aanstelling sou bydra tot die verkryging van voldoende arbeid vir die goudvelde vanuit Mosambiek en dat die teenwoordigheid van 'n vise-konsul op die goudvelde die handel tussen die twee gebiede kon stimuleer.[24]

Getrou aan sy aard het Nellmapius nie gewag dat sy aanstelling deur die twee regerings goedgekeur moes word nie, maar reeds in Oktober het hy met president T. F. Burgers in verbinding getree nog voordat Forssman die president in kennis gestel het dat hy Nellmapius as waarnemende vise-konsul vir Portugal op die goudvelde aangestel het. Nellmapius het dit aan president Burgers gestel dat hy heeltemal tevrede is dat hy in so 'n belangrike posisie aangestel is. Hy het die president die versekering gegee dat hy die verantwoordelike posisie nie bloot aanvaar het om sy eie ambisie te bevredig nie, maar dat hy hoop om in staat te wees om die vooruitgang, welvaart en belange van die land nog meer te

[22] NAB, Pretoria, Forssman-versameling, vol. A375, bande 2 en 3, brieweboek nr. 1: brief, Forssman/Nellmapius, 12 Des. 1874, p. 233.
[23] NAB, Pretoria, Forssman-versameling, vol. A375, bande 4 en 5, brieweboek: vertaalde uittreksels in verband met Transvaal Goldfields Extension Transport Company, 21 Mei 1874 - 4 Okt. 1875, brief, Forssman/Nellmapius, 31 Okt. 1874, p. 196.
[24] NAB, Pretoria, SS, vol. 176, R1506/1874 : brief, Forssman/T.F. Burgers, 11 Okt. 1874.

bevorder as wat hy tot op daardie stadium as private individu in staat was om te doen. "Having made the South African Republic my adopted home and entertaining as I do not only the warmest patriotic sympathy toward it, but taking also a deep concern in its prosperity it shall ever be my endeavour to further its interest in every possible way."[25] Hierna het Nellmapius ook goedkeuring van die ZAR verkry om as vise-konsul op te tree.[26]

In Mei 1875 het Nellmapius Pretoria in sy offisiële hoedanigheid as vise-konsul vir Portugal op die goudvelde besoek. Sedert 16 Februarie 1875 tot 20 Maart 1876 was president T. F. Burgers op 'n missie na Europa om geld vir sy beplande spoorlyn na Delagoabaai te probeer in. Generaal P. J. Joubert het as waarnemende staatspresident ageer en hy het Nellmapius te woord gestaan. Nellmapius het 'n brief van die nuwe goewerneur te Lourenzo Marques, Augusto De Castilho, aan die waarnemende staatspresident oorhandig. In die brief stel De Castilho vir Joubert in kennis dat majoor Mendez Falcato, die vorige goewerneur te Lourenco Marques, deur die koning van Portugal na Inhambane verplaas is. De Castilho het Joubert versoek om 'n regeringsamptenaar van die ZAR op laasgenoemde se koste saam met Nellmapius te stuur om die Portugese besittings aan die Suidooskus van Afrika te gaan besoek.[27] Die doel hiervan was om die mense aldaar te ontmoet en met hulle kennis te maak.[28] De Castilho het Joubert verseker dat hy alles in sy vermoë sou doen om die bestaande vriendskapsbande wat daar tussen die twee lande bestaan het, nog steeds te verstewig. Hy sou ook sy bes doen om die voorspoed van hierdie twee lande te bevorder.

Na aanleiding van hierdie skrywe het Nellmapius self aanbeveel dat na sy mening, so 'n besoek aan die Suidooskus wel voordeel vir die ZAR sou inhou. Hy beveel toe aan dat die landdros van Lydenburg, H. W. A. Cooper, as afgevaardigde van die ZAR oorweeg moes word. Nadat die berig in verband met die versoek van De Castilho in "De Volkstem" verskyn het, het A. Roth

25 NAB, Pretoria, SS, vol. 176, R1480/1874: brief, Nellmapius/T. F. Burgers, 3 Okt. 1874.
26 NAB, Pretoria, SS, vol. 8624, R1554/1874 : brief, Staatsekretaris/Nellmapius, 3 Des. 1874.
27 *De Volkstem*, 8 Mei 1875.
28 NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 5, nr. 19: brief, Joubert/Burgers, 15 Mei 1875, p.12.

aansoek gedoen om as verteenwoordiger van die ZAR vir Nellmapius op die besoek te vergesel.[29] Roth het sy aansoek gegrond op die feit dat hy die Portugese taal magtig was en goed bekend met Mosambiek was. Die versoek van Roth was nie suksesvol nie, want daar is besluit dat aan Castilho se versoek goedkeuring verleen moes word en dat Cooper vir Nellmapius na die Portugese gebied moes vergesel.[30] Die ZAR sou ook die koste van die besoek van Cooper dra. Joubert het vir president Burgers in Europa van hierdie besluite verwittig.[31]

Op 10 Mei 1875 het die waarnemende staatspresident 'n uitnodiging aan Nellmapius gerig om as verteenwoordiger van Portugal die daaropvolgende aand by hom te kom eet.[32] Dit is die enigste geleentheid waartydens Nellmapius in sy amptelike hoedanigheid as vise-konsul vir Portugal op die goudvelde 'n funksie in Pretoria bygewoon het. Nellmapius het op dieselfde dag die uitnodiging met dank aanvaar.[33]

Die lede van die Uitvoerende Raad en die voorsitter van die Volksraad, C. J. Bodenstein, het onder andere ook hierdie etegeleentheid bygewoon. By die geleentheid is daar heildronke op die staatspresident van die ZAR, in sy afwesigheid, die koning van Portugal, die waarnemende staatspresident, P. J. Joubert en op Nellmapius, ingestel.[34]

Nellmapius het sy hartlike dank vir die gulle ontvangs wat hulle te beurt geval het teenoor die persone teenwoordig, uitgespreek. Diplomaat wat hy was, het hy 'n amptelike bedankingsbrief aan Joubert gerig, waarin hy veral sy waardering uitspreek teenoor die hartlike wyse waarop Joubert die heildronk op die koning van Portugal ingestel het en ook die goedkeuring wat dit gedra het van die ander gaste teenwoordig. Hy het ook die voorneme uitgespreek om dit

---

[29] NAB, Pretoria, SS, vol. 187, R985/1875: brief, A. Roth/Staatsekretaris, 9 Mei 1875.
[30] NAB, Pretoria, Argief van die Sekretaris van die Eerste Volksraad van die ZAR (EVR), vol. 220, band 12, sitting 11 Mei 1875.
[31] NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 5, nr. 19 : brief, Joubert/Burgers, 15 Mei 1875, p. 12.
[32] NAB, Pretoria, SS, vol. 8625, R771/75 : brief, Staatsekretaris/Nellmapius, 10 Mei 1875.
[33] NAB, Pretoria, SS, vol. 187, R986/75 : brief, Nellmapius/H. Stiemens, 10 Mei 1875.
[34] *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser*, 24 Mei 1875.

so aan die belanghebbende instansies bekend te maak. Om sy persoonlike agting vir Joubert te bewys, het hy 'n foto van homself aan Joubert gestuur.[35]

Nellmapius het in sy korrespondensie van sy vise-konsulaat se briefhoofde gebruik gemaak, in sowel sy amptelike as sy privaat korrespondensie. By die ondertekening van memories aan die regering of sy amptenary het hy soms as delwer en soms as vise-konsul vir Portugal op die goudvelde, geteken.

Die regering van die ZAR het met die aanstelling van Nellmapius as vise-konsul, kennis geneem dat hy in Portugal hoog aangeslaan word. Ook die feit dat Nellmapius so 'n sprankelende en aangename persoonlikheid gehad het en sy positiewe uitsprake teenoor die ZAR, skriftelik sowel as in gesprekke, het heel waarskynlik bygedra daartoe dat die ZAR hom na 'n kort woontydperk van hoogstens een jaar in 'n amptelike posisie aangestel het, want soos reeds aangedui, kon Nellmapius hom eers in 1873 op die goudvelde van Oos-Transvaal gevestig het.

## 2.4 NELLMAPIUS AS VREDEREGTER OP DIE GOUDVELDE

Volgens 'n Volksraadbesluit van 4 November 1874, is op versoek van die staatspresident alle vrederegters ontslaan en het hy van nuuts af vrederegters aangestel.[36] Skaars 'n maand later, op 7 Desember 1874, is Nellmapius as vrederegter vir die goudvelde aangestel.[37] Hy het dus vanaf 1874 gelyktydig amptelike poste in diens van die ZAR en van die Portugese regering beklee en dié onderskeiding het hy na 'n kort verblyf in 'n vreemde land verwerf. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie poste ongesalieerde poste was, maar die status van hierdie poste sou vir sy entrepreneurskap handig te pas kom.[38]

Phelan, die redakteur van die *Gold Fields Mercury*, het tydens die Sekhukhune-oorlog (1876-1877) 'n klag van onmenslike wreedhede teen Von Schlickman, bevelvoerder van die Vrywilligerskorps, by die staatspresident ingedien. Die

---

[35] NAB, Pretoria, SS, vol. 188, R1019/75 : brief, Nellmapius/P.J. Joubert, 13 Mei 1875.
[36] F. Jeppe (samesteller), *De locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1849-1885*, p.602.
[37] *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, nr. 555, 9 Des. 1874.
[38] Korrespondensie oor Nellmapius as vrederegter kon nie opgespoor word nie.

staatspresident het die beweringe laat ondersoek en onder andere by Nellmapius as vrederegter oor Von Schlickman se optrede in die oorlog, navraag gedoen.[39] Nellmapius was op die oorlogsterrein en hy het getuig dat hy nie persoonlik vir Von Schlickman ken nie, maar dat hy betroubare inligting oor die man besit wat bevestig dat hy 'n baie dapper soldaat sowel as 'n uitmuntende en ervare offisier is.[40]

As vrederegter was Nellmapius verplig om 'n eed van getrouheid aan die land en sy mense af te lê.[41] Hierdie eed moes voor die plaaslike landdros, wat in daardie stadium Cooper van Lydenburg was, afgelê word. Nellmapius het nooit in opstand teen die regering van die ZAR gekom nie, alhoewel 'n man met sy intellek die foute wat die regering gemaak het, moes raakgesien het. Hierdie stelling dat Nellmapius nie teen die ZAR in opstand gekom het nie, moet spesifiek gesien word teen die agtergrond van die optrede van die meeste delwers op die goudvelde wat veral deur Phelan opgestook was.

## 2.5 DIE UITLANDERS OP DIE GOUDVELDE

In 1873 het president Burgers aan sy vrou vanaf die goudvelde geskryf: "The news from the goldfields are very good and the diggers are in high spirits with my government."[42] In 1874 was Burgers ook nog hoog aangeskrewe by die delwersbevolking en word hy nie as deel van die Boere-element in die land gesien nie.[43] Nadat president Burgers egter geweier het om Carnarvon se federasiebeleid te steun en die Britse soewereiniteit verwerp het, het Phelan wat sterk ondersteuning onder die delwers geniet het, die delwersbevolking in 1876 en 1877 feïtlik tot 'n gees van rewolusie opgewerk. In sy koerant *Goldfields Mercury* propageer hy Britse anneksasie en noem hy onder andere vir president Burgers "Emperor and Allah"[44] en "... oily Thom".[45] Geen wonder dat president

---

39 S. P. Engelbrecht, *Thomas Francois Burgers*. p.233.
40 NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 4, nr. 16: brief, Nellmapius/ Staatsprokureur, 22 Sept. 1876, p. 85.
41 F. Jeppe (samesteller), *De locale wetten der Zuid Afrikaansche Republiek 1849-1885*, p.413.
42 NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 5, nr. 18 : brief, Burgers/sy vrou, 24 Aug. 1873, p. 27.
43 NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 3, nr. 12: brief, McDonald/ Burgers, Des. 1874, p. 183.
44 *Goldfields Mercury*, 7 Okt. 1876.
45 *Goldfields Mercury*, 4 Jan. 1877.

Burgers die Goudvelde as "among the real and many difficulties of Transvaal" bestempel nie en dat Von Schlickman van mening was dat "de grootste vyanden van den staat zitten in de goudvelden en sij moeten met een sterke yzeren hand ten onder gebradst worden."[46]

Na die anneksasie van die ZAR deur Brittanje op 12 April 1877 het Nellmapius ook 'n eed van getrouheid aan Brittanje afgelê, hoewel hy nie een van die persone vanaf die goudvelde was wat Shepstone met gelukwensing met sy optrede oorval het nie. Die delwers het op 16 Augustus 1877 'n adres aan Phelan, vir sy geveg teen die wanbestuur van die Tansvaal en vir die vooruitgang wat deur sy toedoen bewerkstellig is, oorhandig.[47] Nellmapius was nie hierby betrokke nie, hoewel hy nie in beginsel teen die ondertekening van petisies en memories gekant was nie. Trouens sy handtekening verskyn in verskeie petisies ter ondersteuning van bepaalde aangeleenthede. Dit is opvallend dat Phelan, wat niks en niemand ontsien het nie, Nellmapius in geen stadium aangeval of negatiewe kritiek teen hom uitgespreek het nie en dit ten spyte van die feit dat Nellmapius hom nie gesteun het nie.

## 2.6 DIE GOUDKOMMISSARIS EN DIE DELWERSKOMITEE

Nellmapius was aktief betrokke by delwerskwessies. Verder het hy belang gehad by die optrede van die goudkommissie en die verkiesing van Volksraadslede vir die goudvelde.

W. McDonald, 'n Amerikaner wat vorige ondervinding van toestande op goudvelde gehad het, onder andere in Kalifornië en Australië, is in Julie 1873 deur die delwers tot goudkommissaris verkies om die ZAR op die goudvelde te verteenwoordig.[48] Die goudkommissaris sou deur die delwers verkies word, maar hy sou 'n salaris van die ZAR ontvang. Die goudkommissaris sou bygestaan word deur 'n klerk en 'n polisieman of -manne, afhangende van die behoefte. Genoemde persone sou onder jurisdiksie van die goudkommissaris

---

46 S. P. Engelbrecht , *Thomas Francois Burgers*. p.304.
47 *Goldfields Mercury*, 22 Aug. 1877. Adres te sien in museum te Pelgrimsrus.
48 D.J. Pieterse, "Die Geskiedenis van die mynindustrie in Transvaal, 1836-1886", C. Beyers et al. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, jg. 6, 1943, p. 152.

staan. Die goudkommissaris sou die delwerslisensies uitreik, maar hy sou geen vreemdeling (nie-genaturaliseerde) van 'n lisensie voorsien indien so 'n persoon nie 'n skriftelike eed van getrouheid aan die land sou aflê nie. Hyself sou nie kleims mag besit nie.[49]

Op 30 November 1873 het McDonald aan president Burgers geskryf dat hy deur twee groepe op die goudvelde geopponeer word. Die een groep was diegene wat Britse beheer oor die goudvelde wou hê. Die ander groep wat hom as persoon geopponeer het, het dr. J. Scoble, J. Herschenshon, Corten, Bird en kapt. Dedrick, ingesluit.[50] Nellmapius was 'n ondersteuner van Scoble, maar sy naam word nie deur McDonald genoem nie.

Die goudkommissaris moes 'n komitee van nege lede laat kies uit persone wat houers van handels- of delwerslisensies was. Hierdie delwerskomitee het munisipale regte en magte besit. Daar moes veertien dae voor die tyd kennis gegee word van 'n verkiesing en 'n aspirantkandidaat moes hom sewe dae voor die tyd verkiesbaar stel. Die delwerskomitee kon regulasies opstel wat geskik was vir plaaslike toestande, onderhewig aan die goedkeuring van die ZAR-regering. Indien die delwerskomitee sou ophou om te funksioneer, sou die goudkommissaris die liggaam se pligte oorneem. Die lede van die delwerskomitee was nie amptenare van die ZAR nie en sou geen salaris ontvang nie. Geen verandering sou vier maande na hulle in werking getree het, aan die regulasies gemaak kon word nie. Nadat hierdie regulasies deur die ZAR-regering goedgekeur is, is dit onmiddellik gepubliseer en was onmiddellik na publikasie van krag.[51] Deur die magte en funksies van die goudkommissaris en die delwerskomitee en dit wat uit die twee instansies sou voortvloei, was dit vir die beswil van Nellmapius om tot die geskil wat ontstaan het, toe te tree.

Die eerste regulasies wat oor die delwing van goud gegaan het, is deur die delwerskomitee opgestel en vir goedkeuring na die regering van die ZAR gestuur. Die regering het dit goedgekeur en die regulasies is op 29 Oktober

---

49 F. Jeppe (samesteller), *De lokale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1849-1885*, pp. 624-626.

50 NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 3, nr. 11 : brief, McDonald/ Burgers, 30 Nov. 1873, p. 336.

51 F. Jeppe (samesteller), *De locale wetten der Zuid Afrikaansche Republiek 1849-1885*, pp. 624-626.

1873 in die staatskoerant gepubliseer.[52] Hierdie regulasies het uit negentien artikels bestaan en het gehandel oor sake van algemene belang, stroomkleims, bergkleims, kwartskleims, ontdekking van betaalbare goud, verbeurtverklaring van kleims, amalgamasie, aansoek vir waterregte en komiteesake. Hierdie regulasies het egter net die bal aan die rol gesit en was in werklikheid onvoldoende om doeltreffend te kon funksioneer en beter omskrywende regulasies was nodig. Nellmapius was nooit 'n lid van hierdie delwerskomitee nie en hy het soos later gesien, heftig met van hulle regulasies verskil.

Die delwerskomitee het in 1874 gewerk aan die beter omskrywing van die regulasies om hulle meer funksioneel te maak. Hulle voorstelle is ingestuur vir goedkeuring na die regering van die ZAR. Die regering het die regulasies goedgekeur en dit is op 4 Desember 1874 in die *Goldfields Mercury* gepubliseer.[53] Hierdie hersiene regulasies het uit eenhonderd-en-elf artikels bestaan. Dit het gehandel oor sake van algemene belang, stroomkleims, hoe kleims gemerk sou word, op watter wyse grond en kleims onteien sou word, die regte van werknemers, kleims in die berghange en vlaktes, ontdekking van betaalbare goud, waterregte en waterleiding, damme en damgereedskap, paaie, beskerming aan die delwer, registrasie, kwartskleims, wonings, verspreide kleims en algemene regulasies. Die regulasies het 'n storm op die delwerye ontketen en omdat daar volgens wetgewing binne vier maande beswaar gemaak moes word, is daar dadelik begin met petisies en teenpetisies. Die botsings het veral gegaan oor die amalgamering van kleims en die mag van die goudkommissaris. Vir die doeleindes van hierdie studie sal slegs daardie regulasies van die delwerskomitee en die mag van die goudkommissaris wat Nellmapius geraak het, in oënskou geneem word.

Die derde artikel van die regulasie oor stroomkleims het so gelees : "That no company, regularly organised as such, can hold more than four claims on any one creek, terrace, hill or quartz reef, unless when they are entitled to a discovery claim." Onder algemene regulasies het die goudkommissaris die reg gehad om aan die landmeter of sy plaasvervanger die reg te verleen om enige

---

52 *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, nr. 497, 29 Okt. 1873.
53 *The Goldfields Mercury*, 4 Des. 1874.

kleim te ondersoek en om boetes op te lê van £5 tot £50 indien 'n delwer nie die regulasies gehoorsaam nie. Kleims wat van eienaar verwissel, moes by sy kantoor op die koper se naam geregistreer word. Sertifikate wat onder valse voorwendsels bekom is, moes deur hom gekanselleer word. Die verantwoordelikheid vir die opsny van kleims in die landmeter se afwesigheid, het ook by die goudkommissaris berus.

Artikel sewe lui soos volg: "The Commissioner shall, in all cases, be the sole judge of the validity of objections to the issue of any Certificate of Registration, and also of what is a 'reasonable time' for the performance of any work when no fixed period is provided by these regulations."

In artikel twaalf is bepaal: "If any portion of the rules and regulations of the New Caledonia Gold Fields shall be deemed to be inapplicable to the requirements of any district, the Commissioner may, if he shall think fit, upon the receipt of a memorial to that effect, signed by holders of Miners Rights and Business Licenses residing in such district, suspend the operation of any regulation or section of a regulation, so far as such district is concerned, and may again annul such suspension and renew the operation of such regulation or section, or may substitute others in lieu thereof."[54]

Nellmapius was een van die persone wat hom heftig uitgelaat het teen die regulasies van die delwerskomitee. Hy het by die regering van die ZAR beswaar aangeteken en aangevoer dat die regulasies die Vrydag gepubliseer is en dat die delwers gevolglik net tot Saterdagmiddag 16:00 kans gehad het om hulle opinies te lug. Die delwers is daarom nie die geleentheid gegun om die regulasies behoorlik te bestudeer nie. Wat die komitee drie maande geneem het om op te stel, moes hulle in 'n dag se tyd oordink. Dit was veral 'n probleem vir die delwers wat nie vooraf geweet het waaroor die regulasies presies handel nie. Die besware van die groepie wat wel kapsie gemaak het, is afgewys.

54 *The Goldfields Mercury*, 4 Des. 1874.

Hierdie groepie het bestaan uit delwers wat individueel beswaar gemaak het en 'n brief wat onderteken is deur verskeie persone met groot belange in die goudvelde. Daar is ook vir 'n verlenging van tyd gevra om die regulasies te oorweeg. Die delwerskomitee het egter die versoeke geïgnoreer en het besluit om dit na die staatspresident en die Uitvoerende Bestuur te verwys vir goedkeuring. Met meer tyd tot hulle beskikking sou hierdie groepie volgens Nellmapius, baie meer steun vir hulle saak gekry het.

Nellmapius het sy standpunt gemotiveer deur eers daarop te wys dat die delwerskomitee nie verteenwoordigend van die delwersbevolking was nie. Daar het volgens hom ongeveer tagtig delwers uit ongeveer agthonderd vir die delwerskomitee gestem. Die delwers is nie vroegtydig kennis gegee van die verkiesing nie. Die persoon wat die hoogste aantal stemme op hom verenig het, het maar veertig stemme gekry. Hierin het Nellmapius gelyk gehad, want toe daar op 9 Januarie 1875 'n nuwe delwerskomitee verkies is, was die stempersentasie heelwat hoër.[55]

Die tweede bewering wat Nellmapius gemaak het, was dat die delwerskomitee onbekwaam was om regulasies te formuleer wat aan die behoeftes van die tyd beantwoord het. Baie kapitaal was nodig om die gebied te ontwikkel en die regulasies het nie voorsiening daarvoor gemaak om kapitaal in die gebied te laat invloei nie. Inteendeel, die mense wat kapitaalkragtig was, is juis uit die gebied gehou. Nog net sowat 10% van die kleims was uitgewerk en die geleenthede was nog onbeperk.

Nellmapius was ook ongelukkig oor die uitgebreide mag van die goudkommissaris. Hy het beweer dat die goudkommissaris meer mag gehad het as 'n landdros of kommissaris of monarg, trouens hy het sy magte as despoties beskou. Hy het voorgestel dat voorsiening gemaak moes word vir appèl teen die uitspraak van die goudkommissaris.

---

[55] NAB, Pretoria, SS, vol. 183, R239/1875 : brief, McDonald/Staatsekretaris, 12 Jan. 1875.

Nellmapius het sy betoog fyn diplomaties saamgestel en gewys op die gevaar wat dit vir die land sou inhou indien hierdie regulasies deur die regering van die ZAR goedgekeur sou word. Die delwers vir wie hierdie wetgewing nie sou aanstaan nie, sou dit oor die hele Europa en ander oorsese gebiede bekend maak. Dit is duidelik dat Nellmapius vir die kapitaliste geskerm het, want dit is veral hulle wat 'n netwerk van inligting oor die hele aardbol gehad het. Dit sou tot nadeel van die land strek en hy sê dat hy bewus daarvan is dat die land na aan die staatspresident se hart lê.

Die vooruitgang van die land het self ook na aan Nellmapius se hart gelê. Kapitaal was nodig om die gebied te ontgin en daarom was dit so noodsaaklik om geld die gebied te laat inkom. Die regulasies in wetvorm sou 'n swak indruk van die regering van die ZAR in Europa skep en die Europeërs sou dink dat die land volgens Nellmapius deur kommuniste regeer word. In daardie stadium het daar 'n sterk gevoel van nasionalisme in die hele Europa geheers.

Nellmapius se diplomatieke inslag blyk duidelik uit die feit dat hy die land se beeld in Europa so geaksentueer het. Hy was naamlik bewus daarvan dat president Burgers van plan was om Europa te besoek in 'n poging om daar geld te leen om sy spoorwegplanne deur te voer.

Nellmapius het dit veral teen genoemde artikel drie met betrekking tot die stroomkleims, gehad. Volgens hom sou die stigting van maatskappye voordelig vir die goudvelde wees, aangesien dit aan baie werk sou voorsien. Die grond was te arm aan goud om vir delwers met slegs een of twee kleims 'n bestaan te bied, meer arbeid en masjinerie was nodig om dit na behore te bewerk en daarvoor was kapitaalbelegging nodig. Hy beweer verder dat werkloosheid 'n ernstige probleem was en dat die werkloosheidsyfer die hoogste was sedert sy aankoms op die goudvelde. Hy self was nie in staat om meer as twee werkloses in diens te neem nie en dan ook eers as hy van sy Indiërbediendes sou ontslaan. Hy het verder aangevoer dat baie mense wat respektabele burgers sou uitmaak, hul na die misdaadlewe sou moes wend om aan die lewe te bly indien daar nie werksgeleenthede geskep word nie.[56]

---

[56] NAB, Pretoria, SS, vol. 178, R1869/1875 : brief, Nellmapius/Staatspresident, 7 Des. 1874.

Nellmapius het ook 'n afskrif van sy argumente aan die delwerskomitee oorhandig. Hy het onder ander ook bitter gevoel teenoor die delwerskomitee omdat die lede van die komitee slegs die Australiese delwers in ag geneem het en geen "greenhorns" nie; dit was die benaming vir die nie-Australiërs. Nellmapius het nie alleen gestaan in sy betoog nie. Oral op die goudvelde is petisies gesirkuleer en onderteken. Hy het self so 'n petisie as delwer en werkgewer onderteken.[57] Die vernaamste klagtes in die memories het gegaan oor die uitskakeling van kapitaliste (artikel 3 van die stroomkleims) en die feit dat daar nie geappeleer kan word teen die beslissings van die goudkommissaris nie. Die memorie het die goudvelde as "Poor men's diggings" beskryf. Daar is gekla omdat die bevolkingsgetalle op die goudvelde as gevolg van artikel 3 van die stroomkleims, verminder het. Sommige kon nog 'n bestaan maak, maar al meer en meer was nie in staat om in hulle eie behoeftes te voorsien nie. Die memoraliste het beweer dat die regulasies strydig was met die grondwet van die ZAR en dat alle regte van die nie-delwer daardeur misken is. Hulle het ook gekla dat hulle slegs 36 uur tyd gehad het om hulle menings uit te spreek.

In die memorie wat nie net deur delwers onderteken is nie, maar ook deur handelaars, prokureurs, medici, slagters en ander privaat persone, is gekla omdat hulle baie geld in myne en ander sake op die goudvelde belê het en die gevaar loop om dit as gevolg van die regulasies te verloor. Hulle was ook van mening dat hulle die meeste tot die belastingkas vir die staat bygedra het en dat die regulasies die mynbelange en uitbreiding sou strem. Die arbeidsmark sou ook hieronder ly. Verder het die goudkommissaris buitengewoon despotiese mag geniet. Hulle maak kapsie teen die persoon van die goudkommissaris, McDonald, omdat hulle geen vertroue in sy optrede het nie. Hulle beweer dat in ander lande afgevaardigdes van die verskillende myne regulasies met behulp van prokureurs, wat kennis het van mynaangeleenthede, opstel. Dit het vir hulle voorgekom asof die wetgewing van Westland, Nieu-Seeland, op enkele uitsonderings na, net so op die goudvelde aanvaar is.[58] Bogenoemde klagtes

---

[57] NAB, Pretoria, SS, vol. 180, R2076/75 : memorie aan die regering van die ZAR, Des. 1874.

[58] NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 3, nr. 12: memorie/Staatspresident, 11 Des. 1874, p. 166.

was in wese dieselfde aspekte waaroor Nellmapius ongelukkig was. Die memoraliste het die staatspresident versoek dat hy sy goedkeuring van die regulasies moes terughou totdat die openbare mening op die goudvelde eers deeglik getoets is.

Die regulasie dat daar nie meer as 4 kleims per stroom besit kon word nie, sou Nellmapius kortwiek omdat hy altyd groot gedink het, dikwels groter as die kapitaal tot sy beskikking, wat hom dan in verleentheid laat beland het. Nellmapius het ook gebruik gemaak van die hulp van sy goeie vriend Cooper, landdros van Lydenburg, om sy argument te steun. Cooper wys die regering daarop dat die delwerskomitee die delwers nie genoeg tyd gebied het om hulle menings te lug nie. Hy het die regering gewaarsku dat indien hulle die handelswyse van die delwerskomitee en die goudkommissaris sou goedkeur, dit 'n oproer onder die delwers teweeg sou bring.[59]

McDonald was deeglik bewus van die skrywes en memories teen hom en die agitasie teen die delwerskomitee. Hy het die staatspresident in kennis gestel dat dit net 'n klein groepie op die delwerye is wat vir al die agitasies verantwoordelik was en dat hulle (hy verwys heel waarskynlik na die kapitaliste) die delwerye binne 'n maand sou ontvolk as hulle hulle sin kon kry, sonder om al die delwers in ag te neem. Hy het verklaar dat hy nie net na die belange van die kapitalis omgesien het nie, maar ook na die van die individuele delwer. Laasgenoemde "...are the people that make a country". Hy het verder verklaar dat "I will not permit the few designing men whom I have referred to, to lead me in my judgement. They count to get some one in office whom they can buy". Hy noem die name van White, Scoble, Glynn Crawford, Craig, Durham en Galt en hy voer aan dat die kliek uit nie meer as 'n dosyn mense bestaan nie. Hoewel Nellmapius deel van die groep was, word sy naam nie genoem nie. Die persone het 'n publieke vergadering byeengeroep, maar die gevoel op die vergadering het so teen die organiseerders gedraai, dat die vergadering nie eens wou toelaat dat White hulle toespreek nie.[60]

---

[59] NAB, Pretoria, SS, vol. 178, R1872/74 : brief, Cooper/President en Uitvoerende Raad, 8 Des. 1874.

[60] NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 3, nr. 12 : brief, McDonald/ Burgers, Des. 1874, p. 183.

'n Petisie ter ondersteuning van McDonald en die delwerskomitee en die regulasies wat hulle opgestel het, is ook op die delwerye gesirkuleer. Die memoraliste het artikel 3 van die stroomkleims gesteun en versoek dat die artikel wet moes word. Dit sou monopolieë en spekulante uitskakel deurdat groot stukke grond nie opgekoop kon word nie. Op die publieke vergadering waarna McDonald ook verwys, het die meerderheid die volgende besluit aanvaar. "That in the opinion of this meeting the rules passed by the Diggers Committee are not quite perfect in detail, but that the main features of them are such as to induce the practical digger to develop the sources of this district and that any further delay in making them law would have an injurious effect on this community."[61]

Die memoraliste het verder versoek dat die regulasies so gou moontlik as wette gepubliseer moes word, sodat gesien kan word hoe dit in die praktyk funksioneer en regstellings gemaak kon word, waar nodig. Verder is aanbeveel dat 'n appèlhof in die distrik ingestel moes word, waarheen persone kon appelleer indien hulle nie met die uitspraak van die goudkommissaris tevrede was nie. In die hof moes persone dien wat op die hoogte was van die mynwette van die goudvelde.[62]

Indien die twee memories met mekaar vergelyk word, val dit in die eerste plek op dat waar skaars oor die 100 handtekeninge gevind word by die groep wat Nellmapius in sy argumente en denke ondersteun het, 233 handtekeninge ter ondersteuning van die regulasies gevind word. Nellmapius, wat beweer het dat laasgenoemde memorie slegs deur sowat 50 persone onderteken is, van wie ongeveer 12 nie lisensies gehad het nie, kom dus bedroë daarvan af. Nellmapius het wel aangetoon dat sy argumente oor landsbelang gaan, maar uit die voorafgaande blyk dit dat dit eerder by hom oor persoonlike as landsbelang gaan.

[61] NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 4, nr. 17 : memorie/Staatspresident, Des. 1874, p. 352.

[62] NAB, Pretoria, Engelbrecht-versameling, vol. A371, band 4, nr. 17 : memorie/Staatspresident, Des. 1874, p. 348.

Geld en die belangrikheid van die persoon het die hardste gepraat en Nellmapius het die rondte gewen. Daar is deur die regering van die ZAR opdrag gegee dat 'n verkiesing vir die delwerskomitee in Januarie moes plaasvind. Waarskynlik het Nellmapius se sienswyse ook meer gewig gedra omdat hy sy saak as vise-konsul vir Portugal gevoer het deur die een memorie in sy amptelike hoedanigheid te onderteken en die ander een as delwer en werkgewer.

Staatsekretaris Swart het Nellmapius in kennis gestel dat die staatspresident die delwerskomitee opdrag gegee het om die delwers genoeg tyd te gun, sodat hulle voorstelle en veranderings kon formuleer. Hierdie voorstelle en veranderings moes saam met die komitee se reaksie daarop aan die regering gestuur word, sodat dit Pretoria op 14 Januarie 1875 sou bereik.[63] Nellmapius se betoog was dus as so belangrik beskou dat die staatsekretaris hom in kennis gestel het wat die regering se reaksie was op al die inligting wat hulle vanaf die goudvelde ontvang, het.

Nellmapius se klagtes teen McDonald het waarskynlik ook veroorsaak dat hy en die landdros van Lydenburg in kennis gestel is dat alle invoerbelasting in die vervolg deur die landdros van Lydenburg gehef sou word. McDonald sou slegs op die goudvelde invoerbelasting kon hef in gevalle waar nie bewys gelewer kon word dat belasting reeds te Lydenburg betaal is nie.[64]

Op 9 Januarie 1875 het 'n probleem opgeduik met die verkiesing van lede vir die delwerskomitee. Met die verkiesing van die lede vir die eerste delwerskomitee, is die wetgewing in verband met die nominasie van die aspirantkandidate nie streng toegepas nie. Lede is verkies sonder dat hulle eers genomineer was.

Op die dag van die nominasie was dr. John Scoble nie teenwoordig nie, maar wel op pad van Pretoria af. Sy ondersteuners, onder wie Nellmapius, wou hom

[63] NAB, Pretoria, SS, vol. 8624, R1659/74 : brief, Swart/Nellmapius, 16 Des. 1874.
[64] NAB, Pretoria, SS, vol. 8624, R1660/74 en R1661/74 : brief, Staatsekretaris/ Goudkommissaris en Landdros Lydenburg, 16 Des. 1874.

nie nomineer sonder om sy toestemming daarvoor te kry nie. Toe dit wel verkry is, het die nominasies reeds gesluit. Nadat sy toestemming verkry is, is 'n versoek aan die goudkommissaris gerig, onderteken deur nege-en-twintig persone om Scoble as kandidaat aanvaar te kry. Daar is wel vir Scoble gestem en hy het die derde meeste stemme van die 14 kandidate op hom verenig. Toe die uitslag egter in die *Gold Fields Mercury* bekend gemaak is, is verklaar dat Scoble se verkiesing nietig verklaar word, omdat hy nie op die korrekte wyse genomineer was nie. McDonald het die staatsekretaris in kennis gestel dat hy John Scoble en Joseph Gill as gevolg van foute met hulle nominasies nie op die delwerskomitee kon laat dien nie.[65]

Nellmapius en sy 200 mede-ondersteuners van Scoble het daarna 'n memorie aan die regering gestuur waarin hulle hulle saak in verband met die kandidatuur van Scoble stel. Die memorie word afgesluit "...upholding the prosperity and honor of our adopted country and your memorialists will ever pray for your Honor and Honorable gentlemen".[66] Hierdie sinsnede is elke keer deur Nellmapius gebruik wanneer hy die regering van die ZAR wou oortuig van sy siening wat daarop dui dat hy hierdie petisie vir die kandidatuur van Scoble, geloods het. Hy was weer eens suksesvol, want toe die name van die nege lede van die delwerskomitee deur die regering gepubliseer is, was die naam van Scoble ook onder die nege.[67]

Die weiering deur McDonald om Scoble se nominasie te aanvaar het waarskynlik om persoonlike redes gegaan. Die groep kapitaliste, onder wie Nellmapius, het vir McDonald die wêreld so onaangenaam gemaak dat hy toestande nie meer kon verduur nie en 'n paar maande later het hy dan ook bedank. Nadat McDonald in September 1875 uit diens getree het, is hy juis deur die einste Scoble as goudkommissaris opgevolg. Na die anneksasie van die ZAR deur Brittanje het Scoble sy diens aan die Britte gebied, wat daarvan gebruik gemaak het en het hy gevolglik aangebly as goudkommissaris.[68]

---

65 NAB, Pretoria, SS, vol. 183, R239/75 : brief, McDonald/Staatsekretaris, 12 Jan. 1875.

66 NAB, Pretoria, SS, vol. 183, R250/75 : memorie aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 26 Febr. 1875.

67 *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, nr. 566, 24 Feb. 1875.

68 D.J. Pieterse, "Die Geskiedenis van die mynindustrie in Transvaal, 1836-1886", C. Beyers et al. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, jg. 6, 1943, p. 153.

Nadat die regering van die ZAR die aanbeveling van die delwerskomitee ontvang en bestudeer het, het hulle besluit om ook wat die kleims betref, Nellmapius se siening te aanvaar en is die konsessiestelsel wat soveel ontevredenheid veroorsaak het, toegelaat.[69]

Nellmapius het ook 'n versoekskrif geteken waarin hy sy steun gee aan die aanstelling van H. W. A. Cooper as spesiale besoekende landdros op die goudvelde.[70]

## 2.7 DIE VOLKSRAADSLEDE VAN DIE GOUDVELDE

Om die delwers op die goudvelde toegemoet te kom, het die Volksraad op 22 September 1874 besluit om hulle toe te laat om twee lede te kies wat as verteenwoordigers van die goudvelde in die Volksraad sitting sou hê. Slegs delwers wat lisensies gehad het, kon stem. Enige blanke persoon kon 'n delwerslisensie teen £3 per jaar koop, maar hy moes ook 'n eed aflê dat hy die wette van die land sou gehoorsaam.[71]

Nellmapius was een van die petisionarisse wat vir Jocelyn Seaton versoek het om hom beskikbaar te stel as verteenwoordiger in die Volksraad vir New Caledonia in die distrik Lydenburg.[72] Seaton is saam met J. Armstrong en H. Rhodes as kandidate vir die Volksraadverkiesing in Maart 1875 genomineer.[73] Seaton het uitgeval en Armstrong en Rhodes was die eerste verkose lede van die goudvelde en hulle het in Mei 1875 in die Volksraad sitting geneem. Dit is belangrik om daarop te let dat Nellmapius nie hierdie twee Volksraadslede ondersteun het nie. Albei hierdie persone se karakter was onder verdenking.

Voor die sitting reeds het C. K. White die waarnemende staatspresident gewaarsku dat Armstrong en Rhodes hulself skuldig gemaak het aan hulpverlening en aanhitsing aan 'n liggaam wat hom daarvoor beywer het om die

---

69 NAB, Pretoria, SS, vol. 186, R664/75 : brief, Goudkommissaris/Joubert, 20 Mrt. 1875.
70 NAB, Pretoria, SS, vol. 183, R163/75 : memorie Memoraliste/T.F. Burgers, 4 Jan 1875.
71 F. Jeppe (samesteller), *De Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1849-1885*, pp. 594, 627.
72 NAB, Pretoria, SS, vol. 185, R524/75 : brief, McDonald/Staatsekretaris, 25 Febr. 1875.
73 NAB, Pretoria, SS, vol. 187, R802/75 : brief, McDonald/Staatspresident, 12 Apr. 1875; *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, nr. 568, 10 Mrt. 1875.

wette van die ZAR op die goudvelde teen te staan. Armstrong het onder andere probeer om die hulp van Sekhukhune en die Amazwasi-stam te bekom om op die goudvelde met opstande te help. White versoek die waarnemende staatspresident om die aantygings te ondersoek voordat hy die twee here in die Volksraad toelaat.[74] By gebrek aan bewyse het die Volksraad die twee verteenwoordigers egter toegelaat.

Armstrong het in dieselfde jaar nog bedank as Volksraadslid en die land verlaat. Wat Rhodes betref, het dit nog slegter gegaan. In 1875 is sekere toegewings gemaak, wat betref grondtoekennings aan Nellmapius wat in 'n later hoofstuk breedvoerig bespreek sal word. Die toegewings of toekennings het betrekking gehad op 'n beplande transportverbinding tussen die goudvelde en Delagoabaai. Om hierdie toegewings tot uitvoer te bring, het die ZAR 'n grondkomitee aangestel om plase te ondersoek. Herbert Rhodes is onder andere aangestel om in hierdie komitee te dien. Terwyl die geselskap in Delagoabaai was, het die Portugese goewerneur, Augusto de Castilho, vir Rhodes betrap dat hy 'n bronskanon van die Engelse skip *Pelham* gekry het, wat hy teen 'n groot wins aan Sekhukhune wou verkoop.[75] Rhodes het egter ontvlug en het later in Sentraal-Afrika in 'n hut doodgebrand. Die eerste twee Volksraadsverteenwoordigers van die goudvelde was dus geen aanwins vir sowel die delwers as vir die land nie. Nellmapius het dus gesonde oordeel aan die dag gelê deur hulle kandidature nie te steun nie. Die twee vakatures wat ten opsigte van die verteenwoordiging van die goudvelde in die Volksraad ontstaan het, het nuwe nominasies vereis. Nellmapius het vir J. Muller en M. van Breda ondersteun en albei is verkies as Volksraadslede.[76]

Nellmapius het soms ook 'n saak gesteun wat teen die regering se besluit was. Hy het byvoorbeeld 'n memorie onderteken waar die Volksraad versoek word om Fred Jeppe weer in sy posisie as posmeester-generaal aan te stel nadat hy ontslaan is as gevolg van 'n tekort in die bedrag van posseëls.[77] 'n Kommissie

---

[74] NAB, Pretoria, SS, vol. 187, R906/75 : brief, C.K. White/P.J. Joubert, 25 Apr. 1875.
[75] NAB, Pretoria, SS, vol. 195, R2213/75 : brief, A. de Castilho/P.J. Joubert, 29 Sept. 1875.
[76] NAB, Pretoria, SS, vol. 200, R3015/1875: brief, McDonald/Staatsekretaris, 20 Des. 1875.
[77] NAB, Pretoria, Argief van die sekretaris van die Eerste Volksraad van die ZAR (EVR), vol. 220, band 12, sitting 3 Mei 1875.

van Ondersoek het bevind dat die tekort nie as gevolg van oneerlikheid ontstaan het nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Nellmapius 'n fyn besigheidsman was. Hy het dit sy werk gemaak om op goeie voet te verkeer met persone of instansies op hoë vlak. Dit blyk uit sy aanstelling as vrederegter nadat hy skaars 'n jaar in die land woonagtig was. Sy vise-konsulaatskap vir die Portugese regering het hy in dieselfde kort tydsbestek verkry. Die vriendskappe wat hy gesmee het, het onder andere gehelp om hierdie posisies makliker te bekom. So was hy goed bevriend met O. W. A. Forssman, konsul van Portugal, die Portugese goewerneur, Augusto de Castilho, te Lourenco Marques en H. W. A. Cooper, eers landdros te Lydenburg, daarna goudkommissaris en later prokureur te Lydenburg. Met generaal Piet Joubert, waarnemende staatspresident gedurende 1875 - 76 en staatspresident T. F. Burgers, was hy persoonlik bevriend. Dr. John Scoble, die goudkommissaris vanaf September 1875, was ook 'n goeie vriend van hom. Verder het hy ook die kandidature van J. Muller en M. van Breda as Volksraadslede vir die goudvelde gesteun. Kortom, hy was vriende met al die belangrikste persone wat vir hom tot voordeel kon wees in sy entrepreneurskap. Hierdie strategie van Nellmapius sou vir hom baie deure oopmaak. Dit het nie net vir sy vriendskappe gegeld nie, maar ook vir sy voortdurende verwysings na landsvoordeel, terwyl dit dikwels nie 'n geval van landsbelang was nie, maar eerder 'n kwessie van persoonlike voordeel.

Nellmapius kan gesien word as 'n entrepreneur tydens die vroeë fase van kapitalistiese ontwikkeling in die Transvaal. Die goudmynindustrie was besig om die Transvaalse ekonomie te transformeer. Nuwe wetgewing is deur die regering aanvaar om tred te hou met ekonomiese veranderinge. 'n Konsessiestelsel het ontstaan en 'n bepaalde verhouding tussen entrepreneurs en die regering tot gevolg gehad. Nellmapius se entrepreneuriese aktiwiteite het teen hierdie agtergrond plaasgevind. Die tyd was nou ryp dat Nellmapius sy idees in verband met 'n vervoerskema tussen Delagoabaai en Pelgrimsrus op die goudvelde van die Oos-Transvaal, voorlê.